StatieSkinner

VOLUME 04



GEBIEDSKAKELDRAER
Gerard de Kamper
082 841 6851
gerard.dekamper@up.ac.za

TRANSVAAL STAATMAKER WEBWERF
http://transvaal.staties.co.za

DIE REDAKTEUR
Magda de Jager
083 431 3425
maggiedj@telkomsa.net

OP DIE EERSTE

- Louis Ludolph het Suid-Afrika se eerste vuurhoutjiefabriek in 1884 in Wynberg, Kaap, begin.
- Daisy de Melker het haar seun en twee van haar mans vergiftig en was die eerste vrou wat in Suid-Afrika tereggestel is (1932).
- Die eerste Suid-Afrikaanse vroue wat Olimpiese goue medaljes verower het, het albei aan die Helsinki Spele (1952) deelgeneem: Ester Brand vir hoogspring en Joan Harrison vir die 100m rugslag

REDAKSIONELE BABBEL

Haloooooo daar!! Na ‘n effense lang breek is die lank verwagte StatieSkinner nommer vier hier! Dit eerste uitgawe van 2007 is gepak propvol StatieStuff. Lees oor aktiwiteite wat verby is, en jou sterre voorspelling (as jy natuurlik in die tipe ding glo).

Die helfte van die jaar is al amper verby (glo dit of nie!) en vir meeste van ons is dit net afdraande vorentoe. Daar kom egter nog baie Staatmaker aktiwiteite, en ons sal graag meer daarvan hier in StatieSkinner wil lees. So, as jou groep iets beplan, laat weet ons! Advertensies word kosteloos geplaas.

Ons wag ook nog vir daardie bekkige briewe, kom nou! Ek weet julle het iets te sê, Staatmakers is mos nie stil en beskeie nie!!

Ten slotte wil ek ook noem dat ons eersdaag ‘n StatieStêr asook ‘n StatieSkande prys wil uitreik. As jy van enigeiemand weet wat die benaminge verdien, laat weet ons.

Nou ja, chat weer in die lente!

Magda

TENDERS VIR INTERSTATIE 2008 MOET VOOR OF OP 25 MEI 2007 INGEDIEN WORD BY DIE ADJUNKGEBIEDSKAKELDRAER ADMINISTRASIE

INTERSTATIE 2007

Interstatie 2007 is deur Jakaranda Staatmakers aangebied gedurende die eerste naweek van Maart hierdie jaar.

Jakaranda, die afgestigte Staatmakergroep van Rietvallei Kommando, het in 2006 die tender vir die Interstatie gewen. Van vroeg af was dit duidelik dat Transvaal Staatmakers groot dinge kon verwag. Jakaranda het ook nie teleur gestel nie…

Die tema vir hierdie jaar was Asterix en Obelix. By registrasie moes elke Staatmaker ‘n egte karakternaam kies. Vir van die Staatmakers is die naam sommer outomaties toegeken. Saam met die naam het elkeen ook ‘n pen en ‘n pers noodplan glasie gekry. Hierdie jaar was die eerste jaar wat ‘n noodplan vereis is – ‘n eg unike noodplan is uitgewerk vir Staatmakers. Soos enige noodplan moes almal hierdie een oefen, maar almal het na die tyd pyn gehad… darem was dit net van lag!

Saterdag oggend het ons begin met ons jaarvergadering en dit lyk of dinge vir Transvaal Staatmakers regloop… Daar was geen klagtes nie en dit was die kortste vergadering wat in dekades gehou is op Interstatie. Na die vergadering het almal probeer ontsnap van die skaars draagbare hitte in die swembad – Adri, volgende keer moet jy maar liewer die sonbrandroom vooraf aansmeer.

Daardie aand was dit ook weer tyd vir die tradisionele tema bal. Hierdie keer was dit reg uit die strokiesprent: Die ronde tafel met die vuur in die middel, ‘n uitpak ete wat al die tafels laat kreun onder die gewig en selfs Kakafonix het sy opwagting gemaak.

Interstatie 2007 was regtig bevange en alle komplimente aan Jakaranda wat ons stoutste verwagtinge oortref het. Ons maak weer so in 2008!

ONBESPROKE SPREUK:

Die man wat ek soek is nie díe wat die minste foute maak nie, maar díe wat die meeste foute regmaak.

CJ Langenhoven

Jy Praat Twak!!!

Tydens die jaarlikse Twakpraat Olimpiade van Ekwilibrium Staatmakers op 21 Oktober 2006 het die Carelesessnessess geseëvier. Die span het bestaan uit twee lede van Ekwilibrium, en twee lede van Sweepslag. Daar was tawwe kompetisie, veral van die span wat die tweede plek behaal het. Doc Keartland het die toekenning vir skerpste deelnemer ontvang.

Die olimpiade het bestaan uit drie speletjies. Vyf spanne het teen mekaar meegeding vir die wenplek. In 'Tema's uit 'n hoed' moes die spanne 'one-liners' gebruik wat by die tema pas. So weet ons nou dat "Aaargh! Die dokter het gesê dit sal weggaan!" en "So, hoeveel weeg jy regtig?" dinge is wat jy nie op die eerste date moet sê nie...

'Props' het gesorg vir net soveel pret. Van 'n slak wat weghardloop tot sagte pink oorgetrekte boeie... "Het jul-le dié in rooi?"

Die laaste speletjie was 'Vrae?'. 'n Situasie is aan die deelnemers gegee, en hulle moes met mekaar gesels. Elke sin moes 'n vraag wees. Daar was apies wat gepraat het oor ontlasting, Dr. Evil en Manto Tshabalala Msimang wat idees uitruil, en twee koeie wat wag om gemelk te word. Hierdie tema het veral interessant geraak toe die bul opgedaag het...

Die beoordelaars was heeltemal onafhanklik en het die spelers by hul tema's gehou. Hulle het ook punte toegeken op grond van spitsvondigheid.

Die aand is afgesluit met 'n heerlike kuier en braai, en nog meer twakpraat.

Baie dankie aan Ekwilibrium Staatmakers wat die aand gereël het. Volgende jaar hoop om nog groter kompetisie uit te lok. Begin solank oefen!

Die Sterre Voorspel Nie

CAPRICORN
Jy is nie belangrik nie, niemand ken jou nie en wil ook nie. Jy maak nie sin as jy praat nie en daar is min goed wat jy verseker weet. Op die 24ste gaan iets goed gebeur, maar nie met jou nie. Jy gaan alleen dood gaan.

Jou kleur is beige en jou element bordkryt. Jou geesgenoot is Bridget Jones, voor haar dagboek.

AQUARIUS
Jy is oor die muur. Niks goed kan meer gebeur nie, nie dat dit sou nie. Jy is boring en sal met Virgo's aanklank vind, nie dat ek veel hoop het nie, jy het nie ideale nie, dis maar goed so. Verder lyk die toekoms duister.

Jou kleur is geen en jy dra dit gereeld, jou element is perspeks. Jou geesgenoot is Prins Charles.

PISCES
Jy is oppervlakkig en naïef, selfs babas lag vir jou. Jy moet nie met mense meng nie, ons wil die wêreld red. Jou liggaam is 'n chemiese wapen, jou persoonlikheid besmet mense.

Jou kleur is bloukol pers en jou element silikoon. Jou geesgenoot is David Hasselhof.

ARIES
Jy is nie 'n vriendelike persoon nie. Mens voel nie gemaklik in jou teenwoordigheid nie. Die 28ste en 30ste in die goeie dae vir finansiële sukses nie. Kyk ook uit vir die 7de, 8ste, 19de en 21ste, dit is nie goeie geldmaak dae nie.

Jou kleur is donker grys en jou element plastiek. Jou geesgenoot is Patricia Lewis.

VERONTSKULDIGING

Die artikels in hierdie nuusbrief is nie die opinies van Die Voortrekkers, Die Staatmakers, Transvaal Staatmakers of die Redaksie nie. Artikels word geplaas soos die Redaksie dit ontvang het.

SLUITINGSDATUM VIR ARTIKELS

StatieSkinner 2
1 Junie 2007

StatieSkinner 3
7 September 2007

StatieSkinner 4
26 Oktober 2007

PLASING VAN ADVERTENSIES

Indien jy of julle groep 'n advertensie in die StatieSkinner wil plaas moet dit ons voor of op die bogenoemde datums bereik.

ADVERTENSIES WORD SONDER KOSTE GEPLAAS.